



# basic education

Department:  
Basic Education  
**REPUBLIC OF SOUTH AFRICA**

## **NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT**

**GRAAD 12**

**DRAMATIESE KUNSTE**

**FEBRUARIE/MAART 2015**

**PUNTE: 150**

**TYD: 3 uur**

**Hierdie vraestel bestaan uit 17 bladsye.**

**INSTRUKSIES EN INLIGTING**

1. Hierdie vraestel bestaan uit VIER afdelings:  
 AFDELING A: 20<sup>ste</sup>-eeuse Teaterbewegings (30 punte)  
 AFDELING B: Suid-Afrikaanse Teater: 1960–1994 (40 punte)  
 AFDELING C: Suid-Afrikaanse Teater: Ná 1994 – Kontemporêr (40 punte)  
 AFDELING D: Die Geskiedenis van Teater, Praktiese Konsepte, Inhoud en Vaardighede (40 punte)

2. **AFDELING A**  
**VRAAG 1 is VERPLIGTEND.**  
**Verwys na die toneelteks wat jy bestudeer het en die betrokke 20<sup>ste</sup>-eeuse Teaterbeweging.**

**EPIESE TEATER**

- *Caucasian Chalk Circle* Bertolt Brecht
- *Kaukasiese Krytsirkel* Vertaling van Bertolt Brecht-toneelteks
- *Mother Courage* Bertolt Brecht
- *Moeder Courage* Vertaling van Bertolt Brecht-toneelteks
- *The Good Person of Szechwan* Bertolt Brecht
- *Kanna Hy Kô Hystoe* Adam Small

**OF****TEATER VAN DIE ABSURDE**

- *Waiting for Godot* Samuel Beckett
- *Afspraak met Godot* Vertaling van Samuel Beckett-toneelteks
- *Bagasie* André P Brink
- *The Bald Primadonna* Eugene Ionesco
- *Die Kaalkop Primadonna* Vertaling van Eugene Ionesco-toneelteks

**OF****POSTMODERNE TEATER**

- *Skrappel* Willem Anker
- *Top Girls* Carol Churchill
- *Popcorn* Ben Elton
- *Buried Child* Sam Shepard

3. **AFDELING B**  
**Hierdie afdeling bestaan uit DRIE vrae. Beantwoord slegs EEN vraag uit hierdie afdeling.**

VRAAG 2: *Woza Albert!* Percy Mtwa, Mbongeni Ngema en Barney Simon

VRAAG 3: *Sophiatown* Junction Avenue Theatre Company

VRAAG 4: *Siener in die Suburbs* PG du Plessis

4. **AFDELING C**  
**Hierdie afdeling bestaan uit DRIE vrae. Beantwoord slegs EEN vraag uit hierdie afdeling.**

VRAAG 5: *Nothing but the Truth* John Kani

VRAAG 6: *Groundswell* Ian Bruce

VRAAG 7: *Mis* Reza de Wet

5. **AFDELING D**  
**Hierdie afdeling bestaan uit EEN vraag. VRAAG 8 is VERPLIGTEND.**  
**VRAAG 8: Teatergeskiedenis, Praktiese Konsepte, Inhoud en Vaardighede**

**AFDELING A: 20<sup>ste</sup>-EEUSE TEATERBEWEGINGS**

AFDELING A is VERPLIGTEND.

**VRAAG 1**

Verwys na die toneelteks wat jy bestudeer het en die relevante 20<sup>ste</sup>-eeuse Teaterbeweging.

Teater van die Absurde

**OF**

Epiese Teater

**OF**

Postmoderne Teater

Dui die toneelteks wat jy bestudeer het, boaan jou opstel aan.

'Ek beskou die teater as die grootste van alle vorme, die mees onmiddellike manier waarop een mens met 'n ander die sin van wát dit is om mens te wees, kan deel.'  
– Oscar Wilde

Bespreek, in 'n opstel, hoe een mens met 'n ander die sin van wát dit is om mens te wees deur middel van die teater kan deel. Verwys na die aanhaling hierbo en die toneelteks wat jy hierdie jaar bestudeer het.

Jy moet na ten minste DRIE van die punte hieronder in jou opstel verwys:

- Sosio-politieke konteks
- Temas
- Karakters
- Taal en dialoog
- Akteur-gehoor-verhouding
- Intrige/Struktuur
- Teatermiddele/-tegnieke
- Ruimte/Skouspel

**TOTAAL AFDELING A: 30**

**AFDELING B: SUID-AFRIKAANSE TEATER (1960–1994)**

Beantwoord EEN vraag in hierdie afdeling.

**VRAAG 2: WOZA ALBERT! DEUR PERCY MTWA, MBONGENI NGEMA EN BARNEY SIMON**

Bestudeer die bronne hieronder en beantwoord die vrae wat volg.


**BRON A**

PERCY:	Morena! Morena-a-a! Where are you? Come to Albert Street! Come to the Pass Office! We need you here Morena! Ja, Morena, this is the most terrible street in the whole of Johannesburg! Ja, Morena, this is the street where we Black men must come and stand and wait and wait and wait just to get a permit to work in Johannesburg! And if you're lucky enough to get the permit, what happens? You wait and wait and wait again for the white bosses to come in their cars to give you work. ( <i>Turns back to Mbongeni.</i> ) But I'm lucky! I've got six months special! ( <i>Shows his pass-book.</i> ) Qualified to work in Johannesburg for six months.	5 10
MBONGENI:	How many months? Eh?	
PERCY:	Six months!	
MBONGENI:	Six months? Congratulations. ( <i>Laughs, slaps Percy's back, shakes his hand.</i> ) Eh! Six month special!	
PERCY:	Three weeks in a queue!	15
MBONGENI:	But you're still their dog! ( <i>Moves upstage to urinate, with his back to the audience.</i> )	
PERCY:	Aaahh, jealous! You jealous!	
MBONGENI:	Have you got a job? Have you got school fees for your children? Have you got money for rent? Have you got bus fare to come to the Pass Office? Oh, come on man, we've all got specials but we're still their dogs. <i>Car sounds.</i>	20
PERCY:	( <i>leaps up</i> ): Hey! There's a car! A white man! ( <i>Moves to the car at the front of the stage, follows it as it moves across.</i> ) Are you looking for workers, my boss? Ya, I've got six month special, qualified to work in Johannesburg. <i>Mbongeni moves forward trying frantically to distract the driver. Car sounds continue, actors alternating.</i>	25

- 2.1 Verduidelik waarom Albert Street as die verskriklikste straat in die hele Johannesburg ('the most terrible street in the whole of Johannesburg') (reël 2–3) beskou is.

(4)

- 2.2 Verduidelik wat 'n 'six months special' (reël 8–9) is en hoekom dit so belangrik is. (4)
- 2.3 Beskryf, met redes, hoe 'n gehoor kan reageer op die reël, 'Maar jy is nog steeds hul hond!' ('But you're still their dog!') (reël 16). (4)
- 2.4 Jy is 'n akteur en moet die karakter van Percy speel.  
Verduidelik hoe jy reël 1–10 vokaal en fisies sou lewer om Percy se gevoelens aan die gehoor oor te dra. (6)
- 2.5 Bespreek die tema van diskriminasie wat duidelik in reël 19–22 na vore kom. (4)
- 2.6 Stel voor waarom en hoe Mbongeni en Percy se houdings en optrede verander wanneer hulle 'n motor hoor nader kom. (4)
- 2.7 Beskryf hoe 'n regisseur die akteurs kan lei om reël 24–29 op te voer.  
Fokus op die gebruik van gebare en beweging. (4)

**BRON B**

- 2.8 Uit jou studie van die toneeltekst, dink jy die plakkaat in Bron B is geskik vir die advertering van *Woza Albert!*? Motiveer jou antwoord. (4)
- 2.9 Beskryf hoe Dramatiese Kunste-leerders hul eie toneelspeelvaardighede kan verbeter deur na 'n opvoering van die drama *Woza Albert!* te kyk. (6)

**[40]**

**VRAAG 3: SOPHIATOWN DEUR THE JUNCTION AVENUE THEATRE COMPANY**

Bestudeer die bronne hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**BRON A**

JAKES:	There we are. No problems – I told you. It's simple. Spirits for the front room. Rent for the bedroom. Homework for the kitchen and stories for the backroom.	
PRINCESS:	And Mingus, perfume for the Princess!	
MINGUS:	Ag my sweetie, anything for you.	5
RUTH:	I'll bring you perfume from John Orr's, if you want.	
MINGUS:	There you are, everything's gonna be just fine. Dis khuvet onder die korset.	
RUTH:	See, I'm the easiest person in the world to please. I'm happy with the simplest things. All I need is a light to read by, somewhere to sleep and a place to bath.	10
	<i>(Everyone exclaims incredulously.)</i>	
MINGUS:	Charlie! Go out there and find me a bath!	

3.1 Jy is die regisseur van *Sophiatown*.

- 3.1.1 Kies DRIE karakters wat in Mamariti se huis woon. Beskryf elke karakter kortliks en noem die rekwisiete en meubels wat jy kan gebruik om hierdie karakters op die verhoog uit te beeld. (6)
- 3.1.2 Verduidelik hoe jy die karakters in Bron A sal lei/regisseur om op Ruth se stelling in reël 9–11 te reageer. (4)
- 3.1.3 Gee die akteur wat Mingus speel, raad oor hoe om veranderinge in toon, volume en tempo te gebruik as hy sy woorde in Bron A lewer (sê). (6)

**BRON B****3.2 Verwys na Bron B.**

- 3.2.1 Hoekom is die bad 'n ongewone bykomstigheid by Mamariti se huis? (2)
- 3.2.2 Waarvoor word die bad later in die toneelteks gebruik? (2)
- 3.2.3 As regisseur van hierdie toneel, verduidelik aan jou akteurs waarom hulle die gebare wat in Bron B uitgebeeld word, moet opvoer. (2)
- 3.2.4 Gee die naam van die meisie in die bad en skryf 'n karakterbeskrywing vir haar. (4)
- 3.2.5 Beskryf en verduidelik die gesigsuitdrukking en lyftaal van die meisie in die bad. (4)
- 3.2.6 Hoe help hierdie karakter om die tema van opvoeding in die toneelteks te ontwikkel? (4)
- 3.2.7 Uit jou studie van *Sophiatown*, verduidelik waarom die toneelteks relevant is in 'n moderne Suid-Afrikaanse samelewing. (6)

**[40]**

**VRAAG 4: SIENER IN DIE SUBURBS DEUR PG DU PLESSIS**

Bestudeer die bronne hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**BRON A**

TJOKKIE:	Met ou Giel in die huis en met daardie dun slaapkamermuur. Ma praat hard in Ma se slaap. Dink Ma ons het nie van kleins af geluister nie?	
MA:	Tjokkie, my kind!	
TJOKKIE:	Ma moet nie nou na Tiemie kyk nie. Waar kom sy self vandaan ennieway? Waar kom ou Giel vandaan? Waar ... Jar! Vir 'n pensioen.	5
MA:	Ma wou julle net met sekerheid grootkry. Julle moes klere hê ... Agge nee, my kind ...	
TJOKKIE:	Ek word liever by die skool gespot oor my klere as oor my ma. Tiemie ... vra vir Tiemie. Sy keer al van sy twaalf is omdat almal dink sy's maklik ... soos Ma, soos Ma verdomp, soos my ma verdomp.	10
MA:	Toe-nou, Tjokkie.	
TJOKKIE:	Jý moet met daardie klot trou! Jy sal Vrydagaande moet dronknes hou en so nou en dan gedôner raak ook. En jy was altyd stuck-up, jy wou beter doen as hierdie plek. Toe dog ek, orraait, die girl is reg, met haar gesig sal sy hier uitkom. Nou sit jy met die grootste tang in die Suburbs se kleintjie – nog een van die arme bloedjies wat in hierdie plek moet vergaan. ( <i>Pouse.</i> )	15

- 4.1 'n Groep van julle het besluit om *Siener in die Suburbs* by jou skool se jaarlikse Dramatiese Kunste-fees op te voer. Jy is die regisseur van die produksie.

Oorweeg beide Bron A en die toneeltekste wanneer jy die vrae hieronder beantwoord.

- 4.1.1 Verduidelik aan die akteur wat Tjokkie speel, wat sy houding en gevoelens teenoor die volgende karakters in die toneeltekste sal wees:
- Giel
  - Ma
  - Tiemie
- (6)
- 4.1.2 Verduidelik aan die akteur wat Tjokkie speel, hoe die konsep (idee) van die 'Siener' in die titel die toneeltekste tot sy tragiese afloop lei.
- (6)
- 4.1.3 Verduidelik hoe die karakters se taalgebruik hul sosio-ekonomiese omstandighede weerspieël.
- (6)
- 4.1.4 Gee die akteur wat Tjokkie speel, raad oor hoe om sy woorde in Bron A beide fisies en vokaal te lewer.
- (6)



**BRON B**

**Die oorspronklike geselskap van *Siener in die Suburbs* – 1971**

- 4.2 Bespreek hoe jy beligting en klankeffekte sou gebruik om die karakters en hul omgewing te beklemtoon. Onthou dit is 'n realistiese drama. (6)

**BRON C**

'Niemand sal na die toneelstuk kyk nie! Dit is outyds! En behalwe dit, hoeveel geld gaan dit kos? Ons het eenvoudig nie die tyd en die beskikbare ruimte nie!'

– Die skoolhoof

- 4.3 Skryf 'n motivering aan die skoolhoof in reaksie op sy/haar uitlating in Bron C, waarin jy die redes verduidelik waarom jy gekies het om 'n moderne weergawe van hierdie toneelteks op te voer. Verwys na voorbeelde uit die toneelteks om jou antwoord te ondersteun. (10)  
[40]

**TOTAAL AFDELING B: 40**

**AFDELING C: SUID-AFRIKAANSE KONTEMPORÊRE TEATER (NÁ 1994)**

Beantwoord EEN vraag in hierdie afdeling.

**VRAAG 5: *NOTHING BUT THE TRUTH* DEUR JOHN KANI**

Bestudeer die bron hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**BRON A**

SIPHO:	What they did to me was wrong too. Why do you want to stop me?	
THANDO:	Because I love you. I don't want to lose you!	
MANDISA:	She's right. I love you too, Uncle Sipho. You are the only father I have now.	
	<i>Pause.</i>	5
SIPHO:	You see what you have done to me Themba. Even when you are dead, ashes in that vase, you are still making my life a misery. Why? Why Themba?	
MANDISA:	Because he loved you!	
THANDO:	It's true Daddy, people always hurt the ones they love the most. Especially family.	10
SIPHO:	Is that true Mandisa? Did he ever say that? Did he ever say he loved me?	
MANDISA:	Yes. You can phone my mother right now. During his last days that's all he talked about. You, Uncle Sipho.	15
SIPHO:	I've waited so long to hear that.	
THANDO:	So you don't blame him for Luvuyo's death?	
SIPHO:	In my heart I've always known it wasn't his fault. Blaming him just gave me a reason to be angry with him and it felt good. It was the only way I could deal with Luvuyo's death.	20
THANDO:	So you forgive him?	
SIPHO:	I forgave Themba long ago. All I wanted was for your father to come home, stand in front of me and say 'I am sorry, my brother'.	
THANDO:	For everything.	
SIPHO:	Yes. For everything.	25

5.1 Realisme is die waarheid wat op die verhoog uitgebeeld word.

5.1.1 Beskryf hoe jy elke karakter vir die toneel in Bron A realisties kan kostumeer (aantrek/klee). (6)

5.1.2 Kies EEN karakter uit die toneelteks. Verduidelik hoe 'n akteur DRIE van Stanislavski se tegnieke kan toepas om 'n karakter te bou en te speel. (6)

5.1.3 Bespreek hoe die akteur wat jy in VRAAG 5.1.2 gekies het, sy/haar woorde vokaal en fisies kan voordra om sy/haar gedagtes en emosies eerlik in Bron A oor te dra.

Verwys na spesifieke reëls (woorde) om jou antwoord te ondersteun. (6)

## BRON B

5.2 'Hierdie toneelstuk is al Teater vir Versoening genoem en is 'n voorbeeld van vergifnis in 'n gesin binne die lewe van die breër gemeenskap.' – John Kani

5.2.1 Wat verstaan jy onder die begrip *Teater vir Versoening*? (2)

5.2.2 Identifiseer TWEE kwessies in die toneelteks wat veroorsaak het dat Sipho konflik en nood/angs/ellende ervaar het. (2)

5.2.3 Verduidelik watter gebeure die pad na vergifnis en versoening in die Makhaya-familie beïnvloed het. (4)

5.2.4 Watter impak en relevansie kan die boodskap van versoening hê op jou as 'n lid van die gehoor wat na die drama kyk? (4)

5.2.5 Bespreek hoe die karakters Mandisa en Sipho die tema van waarheid en versoening uitbeeld. Verwys in jou antwoord na die toneelteks. (10)  
**[40]**

**VRAAG 6: GROUNDSWELL DEUR IAN BRUCE**

Bestudeer die bronne hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**BRON A**

	<i>We hear only the sea sounds; the bell is prominent. As the lights come up we find Thami seated at the table writing a letter. His threadbare shirt is ironed and his worn out shoes are polished. He smiles warmly as he writes and occasionally takes sips of tea from a large mug. On the table is a spray-can of polish and a polishing rag. Also near at hand are a broom and a pan.</i>	5
THAMI:	<i>(In Xhosa, reading, and editing what he has written.)</i> I went today to the river to look at the concession ... <i>(Adds.)</i> and to see how my sweepers were getting on. <i>(Reads.)</i> Nothing very much so far ... <i>(Adds.)</i> But of course it's early times still. <i>(Reads.)</i> On the other hand though, everybody is dancing as they go, because they are so sure that there is such great wealth of jewel-quality diamonds in the cracks and gullies of the bedrock—	10
	<i>He breaks off, aware of someone approaching. We hear Johan at the patio door ordering a dog to settle down and stay outside.</i>	15
JOHAN:	<i>(Off.)</i> Sit boy, sit! Stay there! That's a good boy, stay, <i>(etc.)</i> <i>Thami abandons the letter, quickly grabs the cloth and spray-can and polishes the table. Johan enters, damp and windblown, wearing an oilskin top, tracksuit pants with shorts over them and old tackies.</i> Molo! Kunjani, mhlobo wam?	20
THAMI:	<i>(Wary.)</i> I'm fine. What are you doing here?	
JOHAN:	I work here too, remember.	
THAMI:	But I told you, I'm expecting a guest.	

- 6.1 Identifiseer TWEE klankeffekte wat die gehoor aan die begin van die toneelstuk hoor. (2)
- 6.2 Beskryf hoe hierdie klankeffekte tot die stemming van die toneelstuk bydra. (2)
- 6.3 As jy die toneelteks geregissee het, noem EEN ander klankeffek wat jy kan kies. Motiveer waarom jy dit sou kies. (3)
- 6.4 Verduidelik wat die beskrywings van die kostuums in die verhoogaanwysings oor die karakters van Thami en Johan openbaar. (4)
- 6.5 Watter uitwerking het die gebruik van isiXhosa en Engels op die gehoor se aanvanklike begrip van die karakters en hul verhouding? (2)

**BRON B**

## 6.6 Beskou Bron A en Bron B.

- 6.6.1 Identifiseer aan wie Thami die brief skryf. (1)
- 6.6.2 Ontleed die inhoud van die brief in Bron A en sê of dit 'n akkurate weerspieëling van sy situasie is, of nie. (4)
- 6.6.3 Beskryf hoe die akteur wat Thami speel, reël 8–13 fisies en vokaal sal opvoer om sy innerlike konflik te weerspieël. (6)
- 6.7 Verduidelik waarom Thami '*die brief los, die lap en spuitkan vinnig gryp en die tafel poets*' ('*abandons the letter, quickly grabs the cloth and spray-can and polishes the table*') (reël 17–18). (2)
- 6.8 Bespreek hoe die koms van die 'gas' ('guest') (reël 23) die rigting van die intrige van die toneelteks na die klimaks en slot toe verander en ontwikkel. (4)
- 6.9 Motiveer, in 'n paragraaf, waarom *Groundswell* 'n voorbeeld van 'n realistiese drama is. (10)

**[40]**

**VRAAG 7: MIS DEUR REZA DE WET**

Bestudeer die bronne hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**BRON A**

Reza de Wet sê in haar aantekeninge oor die toneelteks: 'die stelle en kostuums moet 'n gevoel van volksoorlewering/folklore oordra, van ruwe sprokie.'

7.1 Bespreek hoe die toneelteks 'n gevoel van 'ruwe sprokie' weerspieël.

Verwys na die volgende in jou bespreking:

- |       |          |     |
|-------|----------|-----|
| 7.1.1 | Kostuum  | (2) |
| 7.1.2 | Stel     | (3) |
| 7.1.3 | Klank    | (3) |
| 7.1.4 | Karakter | (3) |

**BRON B**

7.2 Identifiseer die karakters in Bron B wat **A**, **B** en **C** gemerk is. (3)

7.3 In Bron B luister die karakters na Konstabel se storie.

7.3.1 Skryf 'n kort opsomming van Konstabel se storie. (3)

7.3.2 Ontleed en beskryf die gesigsuitdrukking van ELKE karakter in Bron B. (3)

7.3.3 Reza de Wet sê dat wanneer Konstabel sy storie vertel, is dit 'meer 'n herlewing as 'n oorvertel van die verlede'.

Gee die akteur wat Konstabel speel, raad oor hoe om te wys dat hy die verlede herleef. Fokus op die vokale en fisieke interpretasie en spel.

(8)

**BRON C**

'Interne konflik word oor die algemeen as eksterne konflik openbaar. Afrikaner-Calvinisme is grotendeels die oorsaak van die konflik in die drama. Die karakters in *Mis* verteenwoordig, vir die gehoor, duidelike kenmerke van Afrikaner-Calvinisme.'

– Dr. NF van Niekerk

7.4 Bespreek die geldigheid (waarheid) van dr. NF van Niekerk se stelling in Bron C. Verwys na die karakters in Bron B.

(12)  
[40]


**TOTAAL AFDELING C: 40**

**AFDELING D: TEATERGESKIEDENIS, PRAKTIESE KONSEPTE, INHOUD EN VAARDIGHEDE**

AFDELING D is VERPLIGTEND.

**VRAAG 8**

Bestudeer die bronne hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**BRON A**

Afrikaanse vertaling:

WORLD THEATRE DAY: WÊRELDTEATERDAG

TAKE A CHILD TO THE THEATRE TODAY: NEEM 'N KIND VANDAG TEATER TOE



**BRON B**

Teater vir Ontwikkeling kan 'n soort deelnemende teater wees wat improvisasie en werkswinkeldramaskepping aanmoedig of kan ten volle geskryf en opgevoer word. Lede van die gehoor kan in die opvoering rolle speel. Baie produksies van Teater vir Ontwikkeling is 'n mengsel van die twee.

Jy is 'n lid van 'n plaaslike geselskap van Teater vir Ontwikkeling. Jy moet 'n produksie skep vir Wêreldteaterdag.

- 8.1      Waarom, na jou mening, is dit voordelig vir kinders om die teater te besoek? (4)
- 8.2      Bespreek waarom dit belangrik is om inisiatiewe soos Wêreldteaterdag te bevorder en te ondersteun. Verwys na jou **eie ervarings** van die waarde van Dramatiese Kunste in jou antwoord. (6)
- 8.3      Wat verstaan jy onder die begrip *Teater vir Ontwikkeling*? (2)
- 8.4      Vir jou Teater vir Ontwikkeling-produksie, sou jy verkies om 'n bestaande teks te gebruik of om 'n toneelstuk te skep deur middel van 'n werkswinkel? Motiveer jou antwoord. (6)
- 8.5      Beskryf die werkswinkelproses en verduidelik waarom dit 'n gewilde keuse vir Suid-Afrikaanse Teater-praktisyns was om tydens die apartheids-era produksies mee te skep. (8)
- 8.6      Gee raad aan kinders wat vir die eerste keer die teater gaan besoek oor geskikte teater-etiket (-gedrag). (4)
- 8.7      Skryf 'n voorstel aan die organiseerders van Wêreldteaterdag. Bespreek jou produksie wat op EEN sosiale kwessie wat jou gemeenskap raak, gebaseer is. Identifiseer die sosiale kwessie en verwys na die volgende in jou antwoord:
- Kort beskrywing van die storielyn
  - Keuse van plek
  - Verhooginkleding
- (10)  
**[40]**

**TOTAAL AFDELING D: 40**  
**GROOTTOTAAL: 150**